## 30 November 1 Johannes 4:7-21

### *Die Vader het sy kinders lief*

Die kerk is 'n huisgesin: God is ons Vader (4:14) en ons sy kinders (4:7) en daarom is ons mekaar se broers en susters (1 Joh. 2:10). En nou is die wonderlike dat die hemelse Vader sy liefde aan sy gesin verklaar (4:9). God weet dat liefde nie iets is waaroor daar geswyg kan word nie. Kinders wil dit hoor en wil dit weet. Aardse ouers moet ook hulle liefde aan hulle kinders verklaar. Weet verseker dat God u lief het. Wat bedoel God as Hy vir sy kinders sê dat Hy vir hulle lief is? Ons as Westerlinge is baie keer geneig om liefde en materiële oorvloed met mekaar te verwar. Met ander woorde, om vir iemand lief te wees beteken dat jy vir hom of haar baie materiële dinge moet gee. As God aan ons sy liefde verklaar dan beteken dit nie dat ons alles in oorvloed gaan hê nie. Ons Vader se liefde is gebalanseerde liefde wat nie sy kinders deur oorvloed tot in die verderf bederf nie. En gebalanseerde liefde is wyse liefde wat net soveel gee as wat nodig is. Moenie dink omdat u dalk min het God het u nie lief nie. Inteendeel, God het u só lief dat Hy sy enigste Seun gegee het om vir u aan die kruis te sterf (4:9). As u na Christus kyk sal u besef dat die hemelse Vader nie vir u min gegee het nie, maar inderdaad vir u in oorvloed gee, ja alles wat u nodig het.

Sing: Psalm 40:6

Ds. A.L. Rheeder (Pietersburg)